Gebedsdrielinge

(Uit: 'Gebed maak alles anders' geskryf deur Bennie Mostert, Carpe Diem uitgewers)

Grondvlak gebedsmobilisasie vir gemeentes en gebedsnetwerke

Wêreldwyd val daar al groter klem op gebed. Meer individue en groepe raak betrokke by gebed. Een baie praktiese manier om mense betrokke te kry om te deel in die wonderlike voorreg van gebed, is gebedsdrielinge. In baie lande van die wêreld word daar van hierdie metode gebruik gemaak. Dit is baie prakties en dit kom op grondvlak by mense uit.
Die hele gedagte het **Matt.18:19-20** as basis: *"Weer sê Ek vir julle: As twee van julle saamstem op aarde oor enige saak wat hulle mag vra, dit sal hulle ten deel val van My Vader wat in die hemel is. Want waar twee of drie in My Naam vergader, daar is Ek in hulle midde."* Hier word ons aangemoedig om as twee of drie gelowiges saam te bid oor sake wat vir ons belangrik is.

Gebedsdrielinge kan in gemeentes gebruik word sonder om dit as 'n bedreiging vir die gemeentebiduur te sien. In die klein groepies kan mense maklik bymekaar kom, vertroue ontwikkel en uiteindelik kan die gemeentebiduur uit hierdie gebedsgroepe gevoed en opgebou word.

Hierdie metode is effektief vir bykans alle groepe: skoliere, studente, volwassenes, die professionele korps, huisvrouens, klerke, ens. Die beginsel is om doodgewoon twee ander individue te soek wat ook Christene is en wat 'n behoefte het om saam met iemand anders te bid.

Skoliere kan byvoorbeeld maklik nog twee ander skoliere vind om saam te bid. Die voordeel is dat hulle leefwêrelde by mekaar aansluit sodat hulle makliker 'n tyd en plek kan vind om saam te bid. Dieselfde geld vir dokters, verpleegsters, huisvrouens, sakemanne ens.

Wat is 'n gebedsdrieling?

a) Dit is waar 'n groepie van (twee tot) **drie** gelowiges onderneem om gereeld saam te bid. 'n Groepie van drie word gebruik, want dit is 'n situasie waar mense vry voel om deel te neem en hulleself te wees. In so 'n klein groepie is mense gewoonlik nie senuweeagtig of bang om verkeerde dinge te sê nie. Onderlinge vertroue en selfvertroue word daardeur gekweek. So 'n groepie is groot genoeg om 'n span te vorm en tot sinvolle gevolgtrekkings en beslissings te kom. Die ander voordeel van so 'n klein groepie is dat daar aan elke persoon se nood en behoeftes aandag gegee kan word. In so 'n groep gee mense vir mekaar om en kan individue versorg word.
b) In **Matt.18:19-20** het ons 'n spesifieke belofte dat waar twee of drie bymekaar is, daar is God in hulle midde en antwoord Hy hulle gebede.
c) Die groepie kom bymekaar om te **bid,** nie om TV te kyk of te gesels of vir watter ander rede ook al nie.
d) Die groepe moet gereeld saam bid, minstens een keer per week.

Waarvoor word daar gebid?

Gebedsdrielinge kan vir enige saak of sake bid. Gebedsdrielinge kan gebruik word vir die voorbereiding van 'n reeks evangelisasie dienste in 'n gemeente, om te bid vir die nasies van die wêreld, om aan mense groter geborgenheid te gee en sodoende terselfdertyd as omgeegroepies funksioneer.

Die sake waarvoor gebid gaan word, hang af van die doel waarvoor die gebedsdrielinge gestig word. Waar daar binne gemeenteverband gebid word, sou die volgende twee sake baie pertinent na vore kom en dit word aanbeveel dat gebedsdrielinge aangemoedig sal word om ten minste vir hierdie twee sake te bid:

a) **herlewing, vernuwing, hervorming, versoening en eenheid in die liggaam van Christus.**
b) **die ongereddes/onbereiktes.**

Met die woord herlewing word bedoel 'n nuwe honger na die Woord en na 'n dieper verhouding met God, voller oorgawe aan God en 'n meer bewustelike lewe binne die volheid van die Heilige Gees. Ware herlewing het altyd drie elemente:

a) in dieper belewing van aanbidding,
b) die opbou van die gemeente en
c) die uitdra van die boodskap van verlossing na die onbereiktes.
a) Wanneer daar vir hierdie twee sake gebid word, bid ons in konsentriese sirkels van binne na buite:
a) Bid vir **persoonlike** herlewing.
b) Bid vir herlewing in jou **gesin** en vir ongereddes in jou gesin.
c) Bid vir herlewing in die **gemeente** en vir die redding van ongereddes in die gemeente.
d) Bid vir herlewing in jou **dorp** en vir ongereddes/onbereiktes in jou dorp.
e) Bid vir herlewing in jou **land** en vir ongereddes/onbereiktes in jou land.
f) Bid vir herlewing in die **wêreld** en vir die ongereddes/onbereiktes in die wêreld.

As bogenoemde vir 'n breë riglyn gebruik word, kan ons meer spesifiek raak en bv. die volgende aanbeveel vir elke gebedsgroepie:

a) Elke gebedsdrieling bid vir die ontstaan van nog drie ander gebedsdrielinge- m.a.w., vir die ontstaan van meer gebedsgroepies.
b) Elke lid van die groep bid vir sy gesin en veral ook vir ongeredde persone in die gesin.
c) Elke lid van die groep bid vir drie ongeredde persone by name binne of buite die gemeente. In effek bid die gebedsdrieling dus vir 9 ongeredde persone en sodra een van hulle tot bekering kom, word die persoon se naam vervang met in nuwe een.
d) Elkeen bid vir een geestelike leier, een sendeling, en een land/onbereikte groep in die wêreld.
e) Enige ander sake kan ook op die gebedslys geplaas word.

Hoe word 'n gebedsdrieling georganiseer?

a) Kry 'n duidelike doelwit. Alles hang van jou situasie af. Die voorstel is dat julle minstens weekliks sal ontmoet. Kry 'n vaste onderneming van al drie lede om bv. vir in kwartaal of ses maande een keer per week bymekaar te kom vir gebed. Neem dan na 'n kwartaal 'n verdere besluit, óf om aan te gaan, óf om te verdeel, óf soos die situasie dalk andersins vereis.
b) Wanneer julle bymekaar kom moet julle minstens 'n halfuur vir gebed neem.
c) Soek 'n tyd wat almal pas. Maak seker dat dit 'n tyd is wanneer jy wakker en uitgerus is. Dit is ook belangrik om op 'n stil tyd en 'n stil plek bymekaar te kom.
d) As voorbeeld van 'n sakelys (vir 'n halfuur byeenkoms) kan jy dit soos volg indeel:

1. Deel 'n teksvers en, indien moontlik, 'n antwoord op gebed met mekaar (4 min).

2. Begin met aanbidding, verootmoediging en om julle afhanklikheid van God te bely (4 min).
3. Bid vir geestelike vernuwing vir julle self en vir enige persoonlike behoeftes (4 min).
4. Bid vir ongeredde persone (4 min).
5. Bid vir julle betrokke gemeente (3 min).
6. Bid vir sendelinge, sendingvelde en geestelike leiers (3 min).
7. Doen voorbidding vir ander sake (4 min).
8. Sluit af met lofprysing, danksegging, aanbidding en toewyding aan God (4 min).

Effektiewe en doelgerigte leiding
Om die beginsel van gebedsdrielinge deeglik te vestig, moet daar iemand wees wat dit deeglik organiseer. Daar moet:

a) kontak gehou word met die leiers/sameroepers van elke gebedsdrieling.
b) gebedsinligting moet effektief aan hulle deurgegee kan word.
c) elke gebedsdrieling moet ervaar dat hulle deel is van ‘n groter groep.

Op die oog af mag dit na in minder belangrike deel van die hele konsep van gebedsdrielinge lyk, maar indien ons werklik die volle potensiaal van hierdie strategie wil sien, sal ons aan die effektiewe organisasie van die gebedsdrielinge aandag moet gee.

Hier volg nog in paar praktiese gedagtes:

a) Daar kan weekliks gebedsinligting aan al die gebedsdrielinge deurgegee word. Veral as dit binne gemeenteverband gebruik word, moet die gebedsdrielinge weet vir watter sake om te bid. Dit is ook belangrik om gebedsantwoorde aan elke groep deur te gee. Dit versterk die bidders se geloof en het tot gevolg dat hulle met groter ywer voortgaan om te bid.
b) Kry minstens elke groepleier/sameroeper se telefoonnommer indien daar dringend vir dinge gebid moet word en ook met die doel om kontak te behou.
c) Daar moet ‘n geleentheid wees waar al die groepe een keer per week (bv. By Sondagaand se erediens) of een keer per maand bymekaar kan kom om saam te bid.
d) Die groepe moet lering ontvang oor hoe hulle moet bid: dit sal byvoorbeeld goed wees om die groepsleiers minstens een keer per maand vir ‘n halfuur bymekaar te kry vir terugvoering en leiding.

Vermeerdering van gebedsdrielinge
Om gebedsdrielinge te laat vermeerder kan die volgende drie dinge gedoen word:

a) Bid vir meer gebedsdrielinge.
b) Práát met ander oor die gedagte van gebedsdrielinge.
c) Nadat die gebedsdrieling wat jy begin het drie tot ses maande oud is, kan julle verdeel.

Elkeen van die groepies soek dan weer na nog twee ander om sy/haar groepie aan te vul en sodoende is daar dan nege bidders. So kan die verdeling dan aanhou, van 3 na 9, van 9 na 27, van 27 na 81 ens.

Nog ‘n gedagte
Gebedsdrielinge is ideaal om te gebruik as deel van voorbereiding vir evangelisasieveldtogte, diensreekse, spesiale byeenkomste en krisis situasies. Mense, veral ook jongmense, wat ‘n vol program het en moeilik kan inskakel by biduurgeleenthede of ander vaste gebedsgeleenthede,

kan wel op so ‘n manier betrek word. Gebedsdrielinge kan ook gebruik word om mense wat skaam is en veral jong bekeerdes, eers in die klein groep voor te berei en te leer om met vrymoedigheid te bid om dan later by die groter gemeente biduur ingeskakel te word.

Word in pasaangeër
In atletiek kry ons veral by die middelafstandnommers, soms in pasaangeër. Dit is ‘n persoon wat van die begin van die wedloop voor hardloop om die pas aan te gee sodat daar nie te stadig begin word nie. So ‘n pasaangeër bly dikwels nie end uit voor nie, maar word meestal verbygesteek deur die ander atlete. ‘n Pasaangeër het dus veral in die begin van die wedloop ‘n leidende rol. Hy moet voor hardloop en die pas aangee.

Sien **jy** kans om ‘n gebedspasaangeër te wees? As **jy** nie leiding gaan neem nie, wie sal dan die leiding neem? Begin **een** gebedsdrieling en moedig ander aan om ook een te begin.

In Singapoer het ‘n klein skaam sestienjarige meisie begin om gebedsdrielinge te vorm. Binne ‘n paar maande het sy honderde jongmense bymekaar gehad vir gebed. Jy kan ‘n pasaangeër word deur net een gebedsdrieling te begin en dan te bid vir ‘n tweede, ens.

Neem ‘n besluit
Ek gaan in pasaangeër wees en in gebedsdrieling begin:
Nee Ja

Ek gaan die volgende twee persone vra om ‘n gebedsdrieling saam met my te begin:
1
2

Ek gaan hierdie visie met die volgende persone deel om ook gebedsdrielinge te begin:
1
2

Ek gaan hulle vandag/móre vra:
Handtekening Datum

1. Name van drie ongeredde persone vir wie jy gaan/wil bid.
a)
b)
c)

2. Die naam van ‘n sendeling en sendingveld waarvoor jy gaan bid:
a) Sendeling
b) Sendingveld/-organisasie

3. ‘n Land of onbereikte groep waarvoor jy voorbidding gaan doen:
Land/onbereikte groep

4. Naam van jou eie predikant/pastoor en nog een ander predikant/pastoor vir wie jy gaan bid:
a)
b)

5. Enige ander sake vir voorbidding (Polities/ekonomies/familie/stad of dorp/siekes/versoeke vir voorbidding/probleemgevalle, ens.

a)
b)
c)
d)
e)